# KINDERKERK LES: **Verstaan jou Bybel – Afdelings van die Nuwe Testament – Geskiedenis - Handelinge**

**Doel van les:**

- Om die basiese samestelling van die Bybel beter te verstaan sodat ons dit gemakliker te kan lees en gebruik.

**Ysbreker: Boek ordes:** Vandag gaan ons verder leer aan die Bybelboek name. Ek gaan die naam sê en 'n beweging saam doen en dan gaan julle dit agter my aan doen. Is julle reg? (Die want gedeelte tussen die hakies is vir onderwyser se inligting en jy kan kies of jy dit nou al met kinders wil deel)

- **Genesis** – Albei hande bokant jou kop in 'n boog (Want in die begin het God die hemel en die aarde gemaak;
- **Eksodus** – Wys met wysvinger (God se Volk verlaat Egipte)
- **Levitikus** – Handpalms saam soos in gebed (Levitikus beskryf die maniere waarop sondige mense God kan aanbid en hoe ons heilig kan lewe.)
- **Numeri** – Hou drie vingers op (Die volk is getel)
- **Deuteronomium** – Wysvinger wat wys na kant van kop – jou tempel – (Herhaling van die wette om die belangrikheid van gehoorsaamheid te onderstreep en hoe God vir Israel sorg.)
- **Josua** – Maak asof jy 'n pyl met 'n boog skiet. (Josua lei die Israeliete die beloofde land binne en hulle neem die land in.)
- **Rigters** – Linkerhand se palm wys na die dak, regterhand in in vuis kap neer op die linkerhand se palm soos 'n regter se hamer. (Israel word regeer deur rigters in die tyd voor die konings.)
- **Rut** – Hou hande bymekaar asof dit vasgeboei is en breek dit dan los asof kettings gebreek word. (Die boek Rut is liefdesverhaal van toewyding en verlossing.)
- **1 Samuel** – Hou een vinger op en maak dan hartjie met jou hande soos jy Samuel sê. (Saul: geen hart. 1 Samuel bevat die verhaal van mense wat hulle reis saam met God goed begin, maar wat tragies eindig as gevolg van sonde – Eli + Saul.)
- **2 Samuel** – Hou twee vingers op en maak dan weer 'n hartjie met jou hande soos jy Samuel sê. (***Hele hart = Dawid.*** 2 Samuel beskryf die lewensverhaal van Dawid en sy koningskap oor Juda en die hele Israel. Die goeie en die slegte.)
- **1 Konings** – Hou een vinger op en maak dan kroontjie bokant jou kop met altwee hande. (Geskiedenis van die Konings van Israel en Juda.)
- **2 Konings** – Hou twee vingers op en maad dan 'n kroontjie bokant jou kop met altwee hande. (Geskiedenis van die Konings van Israel en Juda.)
- **1 Kronieke** – Hou een vinger op en maak dan asof jy 'n koerant oopvou om te lees. ('n versameling van die historiese gebeure van Israel onder Dawid se koningskap.)

- **2 Kronieke** – Hou twee vingers op en maak dan asof jy 'n koerant oopvou om te lees. (Geskiedenis van die konings van Juda.)
- **Esra** – Draai om en waai asof jy totsiens waai (Beskryf die terugkeer van die Jode vanaf ballingskap na Jerusalem en die herbouing van die Tempel.)
- **Nehemia** – Stapel een hand op die ander een asof jy bakstene op mekaar lê om 'n muur te bou. (Onder leiding van Nehemia word Jerusalem se mure in `n rekord tyd herbou.)
- **Ester –** Buig soos voor 'n koning (Deur Ester en Mordegai se optrede red God die lewens van die Jode wat in Persie agtergebly het.)
- **Job** – Altwee hande maak gesig toe, kop is af – (Job verduur verskriklike verlies. In sy onmenslike lyding sukkel Job in sy verhouding met die Here, asook sy verstaan en idee van wie God is!)

Ons begin vandag verder gesels oor die boeke in die Nuwe Testament. Onthou julle dat ons die eerste vier boeke van die Nuwe Testament die Evangelies noem? Vandag is ons weer by 'n Geskiedenis boek. Ons noem hierdie boek Handelinge. In hierdie boek leer ons meer oor hoe die kerk gebore is. Hierdie boek is geskryf deur iemand wat ook een van die Evangelies geskryf het. Sy naam is Lukas. Wie kan raai watse werk Lukas gedoen het? Hy was 'n dokter. Kom ons hoor bietjie wat Lukas vertel het in Handelinge.

**Ysbreker: Verjaarsdag maande:** Gee die kinders kans om te soek na ander kinders wat in dieselfde maand as hulle gebore is. Laat hulle sommer so in die groepies staan, en as almal klaar is, vra hulle watter maande elke groepie is.

Laat hulle dan in hul gewone groepies gaan sit.

**Sê:** Vandag wil ek julle bietjie vertel van 'n spesiale geboorte en 'n spesiale Geskenk. Ons gaan vandag leer van die dag toe Jesus se kerk begin of gebore is.

40 dae nadat Jesus opgestaan het uit die dood, is Hy terug hemel toe. Hy het vir Sy vriende, die dissipels gesê om te gaan wag in Jerusalem vir 'n baie spesiale geskenk.

**Vra:** Wie moes al wag vir iets? Kan julle my vertel waarvoor en vir hoe lank julle moes wag? (Dalk verjaarsdag, vakansie, Kersfees, spesiale geskenk.)

Kry terugvoering

Weet julle wat? Die dissipels moes 10 dae wag nadat Jesus opgevaar het hemel toe voordat daardie spesiale geskenk gekom het. Ek gaan nou vir julle die storie vertel en julle moet mooi luister, want hierdie is die storie oor hoe die kerk begin het.

**Storietyd: Die Heilige Gees word uitgestort**

Vyftig dae nadat Jesus gesterf, uit die dood opgestaan en hemel toe opgevaar het, het Sy volgelinge bymekaargekom op die spesiale feesdag wat die Pinksterfees genoem word.

Skielik het hulle 'n geluid gehoor soos 'n sterk wind en vuurvlammetjies bokant mekaar se koppe gesien.

**Aktiwiteit 1: Servet blaas:** Gee vir elke kind 'n servet. Hulle moet nou vir 50 sekondes die servet in die lug hou deur dit net te blaas.

**Sê:** Sjoe julle het nou hard geblaas. Amper soos daardie wind moes geklink het wat die dissipels gehoor het.

Die vuurvlammetjies wat bokant elkeen se kop verskyn het, het hulle nie gebrand nie, maar was 'n teken dat die Heilige Gees gekom het.Toe help die Heilige Gees almal wat daar is om in vreemde tale te praat.

**Sê:** Ons gaan ook nou bietjie in verskillende tale praat.

**Aktiwiteit 2: Groet mekaar:** Gee vir elke groep een groet in 'n ander taal om gou te oefen. Gee nou vir elke groep kans om hulle groet vir die ander groepe te sê. Sodra elke groep 'n beurt gehad het, laat al die groepe hulle groet 5 maal na mekaar saam sê.

Groete wat gebruik kan word:

- Aloha
- Bonjoir
- What's up
- Shalom

Daar was ander mense daar rond wat van lande af gekom het waar hierdie tale gepraat is, en hulle kon verstaan wat die mense sê. Hulle was baie verbaas, want hulle het nie geweet dat die dissipels hierdie tale ken nie.

"Hoe kan dit wees?" het hulle gevra. Ander het gesê: "Hulle is dronk."

Maar toe praat Petrus met die mense. "Die profeet Joël het lank terug gesê dat hierdie dinge sal gebeur wanneer God sy Gees oor mense uitstort," het hy gesê. Omtrent 3 000 mense het daardie dag hulle harte vir Jesus gegee en is gedoop. Daarna het hulle saam met Jesus se ander volgelinge bymekaargekom om te luister na wat die apostels hulle leer. Hulle het ook saam gebid en Nagmaal gehou.

**Verhaal geneem uit Gunsteling Bybelverhale vir kinders, bl256-257, V. Gilbert Beers en Ronald A. Beers**

So was daardie dag die dag wat Jesus se kerk gebore is. Jesus het Sy Heilige Gees gestuur om nou vir altyd by Sy kinders te wees. Wat 'n wonderlike Geskenk. Maar die storie het nie daar gestop nie.

**Aktiwiteit 3: Dominoes:** Gee vir die kinders elkeen 'n domino en berei een vir jou voor deur "masking tape" op die domino te plak en 'n mannetjie op te teken met 'n kruisie. Jou mannetjie is die begin van die domino ry en van daar kan elke kind hulle domino kom neersit agtermekaar om 'n lang ry te maak. Berei ook 'n domino voor met 'n mannetjie wat 'n ongelukkige gesiggie aan die een kan op het en 'n gelukkige gesiggie aan die ander kant. Stamp die dominoes om.

https://ministry-to-children.com/object-lesson-kids-sharing-gospel/

Van daardie dag af het die kerk gegroei en gegroei. Die mense wat hulle harte vir Jesus gegee het (soos ons eerste domino), het ander vertel en hulle het ander vertel en so het baie mense ook vir Jesus hulle harte gegee (wys nou die laaste domino se gelukkige gesiggie.)

Baie mense het in Jesus begin glo. Die Heilige Gees het deur die kinders van Jesus wonderwerke gedoen, maar vyande van die kinders van Jesus wou hulle keer. Hulle wou nie dat mense in Jesus glo nie. Hulle het die kinders van Jesus laat slaan, in die tronk gegooi, en vir hulle gesê om nie die naam van Jesus te noem nie. Baie van God se kinders het weggetrek en so die boodskap van Jesus na ander plekke toe geneem waar ander ook hulle harte vir Jesus gegee het. So het Jesus se kerk nog groter en groter geword.

Die Heilige Gees help ons as Jesus se kerk vandag nog om ander van Hom te vertel.

Hoe kan ons die week Jesus met ander mense deel?

Indien daar tyd oor is, oefen weer Bybelboek bewegings.

Sluit af met gebed in groepe.